

Die voortsnellende Woord

Stel jou die Woord van die Here as 'n atleet voor. Elke Sondag se Woordbediening is 'n spannende "atletiekbyeenkoms". Die oomblik as die Skriflesing en, in aansluiting daarby, die preek begin, is dit die skoot van die afsetter wat weerklink. Die Woord begin hardloop. Hy hardloop met 'n geweldige vaart. Dit mag immers nie net 'n drafstap wees hierdie nie! Dit moet 'n naelloop van die hoogste orde wees! Daarom pleit Paulus so dringend dat ons vir hierdie wedloop moet bid!

Deur die wind van die Heilige Gees voortgedryf, jaag die Woord deur die kerkgebou, suisend by die ore van die kerkgangers verby. By die deure hardloop hy uit en deur die vensters van die kerkgebou spring hy soos 'n hekkiesatleet uit. Die strate rondom die kerkgebou in nael hy, na die hoofpaaie, na lughawens en met vliegtuie vlieg hy na verre lande. Op radiogolwe spring hy en langs die digitale verkeersroetes van die Internet spoed hy voort. Deur die raadsale van die magtiges in New York, oor die oorlogsvelde van die Midde-Ooste en deur die krotbuurte van Sao Paulo, Mexicostad, Johannesburg. Tussen die uitgeteerde Vigs-sterwendes van KwaMhlanga in Mpumalanga snel hy deur. Hy is die naellooper met 'n boodskap van hoop en lewe – die enigste ware hoop en ware lewe!

Die *groot vraag* is net: Gaan mense in nood, wanhopiges, gearriveerdes, vreesagtiges, swerwers in hierdie een-en-twintigste-eeuse woestyne van sonde en dood sy boodskap aangryp – al is dit maar net aan sy soom? Daarom pleit Paulus: Bid dat die woord van die Here verheerlik word – orals, waar dit ook al kom in die hele heelal. Laat dit verheerlik word deurdat mense dit glo en in die krag van die Heilige Gees dit omhels as die Blye Boodskap van verlossing, bevryding en lewe in Christus Jesus!

En jy, my siel, doen jy dit bowenal!

Sing: Psalm 147:7 (1936-beryming)

Dr PP Kruger (Emeritus)